


Om die geheime van die koninkryk van God te ken

Lukas 8:4-15



<https://www.pexels.com/photo/shallow-focus-of-sprout-401213/>

I

In die vorige hoofstuk van Lukas lees ons hoe Johannes die Doper, daardie onverskrokke prediker wat die weg voorberei het vir die koms van Christus, tog begin twyfel. Hy wat dit eens so oortuigend kon uitwys: "daar is die Lam van God", hy begin nou twyfel of hy dit ooit reg gehad het. Daarom stuur Johannes sy volgelinge na Jesus met die vraag: "Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Dan antwoord Jesus Johannes se volgelinge: "Gaan vertel vir Johannes wat julle met julle eie oë sien dat ek doen – al die wonderwerke, hoe Ek mense se lewens nuut maak. En gaan vertel vir hom wat julle van my hoor, vertel van my verkondiging oor die heerskappy van God en oor wie Ek is. En gaan sê vir Johannes: "Gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie." Want dit lyk asof Johannes dit alles sien, dit alles hoor, en tog sukkel om te glo.

II

Die ou gesegde is waar: daar is nou maar eenmaal mense wat "siende blind" en "horende doof" is. Jesaja het dit al gesê: "hulle kyk sonder om te sien, en hoor sonder om te verstaan" (Jesaja 6:9-10). In Jesus se tyd en vandag nog is dit so met baie mense. Ons hoor en sien, ons weet wat die evangelieboodskap is, en tog sukkel ons

om dit regtig te glo. En daarom bring dié boodskap ook nie regtig verandering in ons lewe nie, dit dra nie vrug nie.

Waarom? Waarom is mense so siende blind en horende doof? Om dit te verduidelik, vertel Jesus dan 'n voorbeeld-verhaal, die bekende gelykenis van die saad wat op slegte of goeie grond gesaai word.

III

'n Saaier het uitgegaan om saad te saai, vertel Jesus. Die saad is die Woord. Dis die verkondiging van die goeie boodskap oor die verlossing en die nuwe lewe in Christus, die blye nuus oor God se nuwe wêreld wat aan die kom is. Dié woord word baie wyd gesaai, mense sien en hoor dit ... oral het die saaiër die saad uitgestrooi. Mens kry amper die indruk die saaiër is roekeloos in sy oordadige saai-werk – niemand moet met die Woord verbygegaan word nie.

'n **Eerste deel** van die saad val op die harde pad waar die voëls dit gou oppik. En dan verduidelik Jesus: netsoos die voëls kom pik die Bose die saad van die Woord weg, amper nog voordat dit kan grondvat. Dat die Bose weerstand teen die Woord bied, ons harte daarteen verhard, dit moet ons weet. Daar is baie mense wat gewoon nie meer wil hoor nie, doelbewus die Woord uitdoof uit hulle lewe uit, hulle oë sluit vir die Here se teenwoordigheid. En ons weet, hierdie groep mense word in ons dag net al hoe meer. Ons het 'n sekulêre samelewing geword, waar die Woord meestal verban is van die markplein, weggejaag uit die plekke van onderrig, uitgedoof is in ons vergadersale, stil geraak het binne ons huise en harte. Ons het dit nie meer nodig nie, ons kan lekker daarsonder klaarkom, dankie!

'n **Tweede deel** van die saad, sê Jesus, het op klipperige grond geval, waar dit wel opkom, maar gou verwelk. Ja, daar is mense wat iewers tog reageer op die hoor van die Woord, selfs emosioneel entoesiasies reageer, hande klap en hulle laat doop, maar dit hou nie. Dit skiet nie regtig wortel nie. Dit bly oppervlakkig. As die vrae en die uitdagings van die lewe kom, dit beproewinge, gee hulle moed op, verwelk die plantjies wat uitgespruit het. Ook dit sien ons in ons dag al hoe meer, mense wat gewoon net nie meer kerk toe kom nie, al was hulle eenmaal entoesiasies betrokke.

'n **Derde deel** van die saad val tussen die onkruid, waar dit gou verstik word. Dis waar die verleidinge van die gees van ons tyd dit gou versmoor. Dis wanneer ons prioriteite skuif na rykdom en genietinge, na 'n hoë lewensstyl, na opgaan en verbruik, die rotte-resies waarin ons lewe opgesuig word en dit dan soveel energie verg om by te hou. Materialisme ... sekerlik die grootste bedreiging van ons tyd. Dit maak ons siende blind en horende doof vir die Woord.

Natuurlik is daar ook 'n **vierde deel** van die saad wat op goeie grond val, waar dit ontkiem, groei en uiteindelik vrug dra. Dis wanneer ons die Woord hoor, en dit ons harte warm maak, ons daarin die stem van God herken, ons God daarin ontmoet. Of wanneer ons God se hand, sy teenwoordigheid in die wêreld, ook in ons eie lewe, raaksien. Dis dan wat ons leer hoor en verstaan, leer sien en glo. Dis dan wat ons insig kry in die geheimenisse van die koninkryk – ons word geestelik volwasse mense, met onderskeidingsvermoë. En dis dan wat die Woord vrug dra in ons lewens, tot 'n

honderdvoudige oes toe. Ons lewens word dan heel en nuut, en ons beteken veel vir die koms van die koninkryk, vir die heelmaak van ons wêreld.

IV

Maar hoe gebeur dit? Wat maak party grond so vrugbaar sodat die saad daarin ontkiem en welig groei? Het dit te doen met ons eie "oulikheit", ons goeie daade, ons verdienste? Het dit te make met ons vermoë om sterker en beter as ander mense te glo? Hang dit af van ons eie voorbereiding van die grond, ons opbreek van die harde pad, die krag waarmee onself die klippers uit die bedding van ons lewe verwyder, die onvermoeide arbeid waarmee ons die onkruid rondom ons uitskoffel? Nee, blykbaar nie! Hier staan: om die geheime van die koninkryk van God te kan ken, om die Woord te kan hoor en dit te verstaan, om God se teenwoordigheid te kan herken en te glo, dit is iets wat aan ons gegee word. Vers 9: "Aan julle is dit gegee..." **Dis 'n genade-geskenk.** Dis iets wat die Gees van God in ons werk. Dis die Gees wat ons harte en oë oopmaak. Dis genade-werk wat ons aangedoen word, om die Woord te kan hoor, te verstaan, dat dit in ons harte ontkiem, begin groei en in ons lewe vrug dra ... dit is alleen maar die werk van die Gees.

Dis eintlik die punt van hierdie gelykenis. Dat ons die Woord kan hoor, ons dit kan verstaan, en dit kan grondvat in ons harte, vrug kan dra in ons lewens, dit is louter genade. Daarvoor moet ons dankbaar wees. Ons is uitermate bevoorreg, uitverkore ... ten spyte van ons eie onvermoë.

V

Maar, en dit lê ook in die hart van hierdie en die hele Jesus-verhaal: ons aan wie die voorreg gegee is om die geheimenisse van die koninkryk te ken, juis ons word geroep om soos die saaiër hierdie kennis, hierdie geheimenis so wyd as moontlik te saai, oraloor. Soos die Saaiër moet ons roekeloos saai, tydig en ontydig, want die hemelse Saaiër wil graag dat almal se ore en oë vir die Woord oopgaan. **Ons is geroep om saaiers te wees.** Deur woord en daad, deur ons liefde en voorbidding moet ons die saad roekeloos en wyd strooi ... so wyd soos die Here se genade.